Bib 12/89

Saak nommer 180/88

E du P

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(APPèLAFDELING)**

In die saak tussen:

**FRANS BOOYSEN** ........................ Eerste Appellant

**GERT MAKIER** .......................... Tweede Appellant

**DAWID MAKIER** ......................... Derde Appellant

**DAWOOD SHOROCK** ....................... Vierde Appellant

**en**

**DIE STAAT** ............................ Respondent

**Coram:** JOUBERT, STEYN ARR et F.H. GROSSKOPF Wn AR

**Verhoordatum:** 24 Februarie 1989.

**Leweringsdatum:** 17 Maart 1989.

---

# U I T S P R A A K

**F.H. GROSSKOPF Wn AR:**

Die vier appellante het in die hof a quo tereggestaan op ŉ aanklag van moord en op ŉ aanklag van roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van wet 51 van 1977. Al die appellante het op albei aanklagte onskuldig gepleit. Elkeen van die appellante het ŉ alibi as verweer geopper, maar die hof a quo het in die lig van al die getuienis bevind dat al vier die appellante op die toneel van die misdaad teenwoordig was en dat elkeen in ŉ mindere of meerdere mate aan die aanval op die oorledene deelgeneem het.

Die vier appellante is aan die volgende misdade skuldig bevind en soos volg deur die hof a quo gevonnis:

Appellant 1 is skuldig bevind aan beide aanklagte soos aangekla en gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf op die moord aanklag en tot 6 jaar gevangenisstraf op die roof aanklag. Die hof het gelas dat die vonnisse saamloop.

Appellante 2 is ook aan beide aanklagte skuldig bevind.

Hy is gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf op die moord aanklag en tot 6 jaar gevangenisstraf op die roof aanklag. Ook in sy geval is gelas dat die vonnisse samelopend uitgedien word.

Appellant 3 is eweneens aan beide aanklagte skuldig bevind. Op die moord aanklag is hy die doodvonnis opgelê en op die roofaanklag is hy tot 6 jaar gevangenisstraf gevonnis.

Appellant 4 is op die moord aanklag slegs as 'n begunstiger skuldig bevind en op die tweede aanklag aan poging tot roof met verswarende omstandighede. Hy is tot 5 jaar gevangenisstraf vir die begunstiging gevonnis en tot 10 jaar gevangenisstraf vir die poging tot roof. Die hof <u>a quo</u> het ook in sy geval gelas dat die vonnisse sal saamloop.

Die verhoorhof het aan al vier die appellante verlof verleen om teen hulle onderskeie skuldigbevindings te appelleer. Daar is verder aan appellant 3 verlof verleen om te appelleer teen die doodvonnis wat hom opgelê is. Daar is verder aan appellant 4 verlof verleen om te appelleer teen

die vonnis van 10 jaar gevangenisstraf wat hom opgelê is vir die poging tot roof met verswarende omstandighede waaraan hy skuldig bevind is.

Die oorledene, Willem Blaauw, is gedurende die aand van Vrydag 10 Oktober 1986 net buite De Rust op die pad na Meiringspoort dood aangetref. 'n Verbygaande motoris het die voorval omstreeks 21h30 die aand by konstabel Gouws van die Suid-Afrikaanse polisie in De Rust aangemeld. Konstabel September getuig dat Gouws hom ongeveer 21h45 die Vrydagaand by die huis opgelaai het en dat hulle daarna saam na die toneel gery het. By hulle aankoms was daar reeds verskeie mense op die toneel gewees. Die twee konstabels het die oorledene op die ryvlak van die pad en net langs die witlyn in die middel van die teeroppervlakte aangetref. Die oorledene het op sy maag gelê met sy kop in die rigting van Meiringspoort. Die oorledene se baadjie was oor sy kop getrek en daar was 'n oop wond aan sy kop gewees.

Dr. Barnard, die distriksgeneesheer van Oudtshoorn,

het die regsgeneeskundige lykskouing op die oorledene uitgevoer. Dr. Barnard se vernaamste lykskouingsbevinding is dat daar 'n vergruising van die oorledene se skedel was. Dit is sy bevinding dat die oorledene se dood deur skedelfraktuur en gevolglike beskadiging van die onderliggende breinweefsel veroorsaak is.

Dr. Barnard het 'n groot wond aan die oorledene se kop gevind. Die wond was ongeveer 15cm. lank en het skuins oor die kop van regs voor na links agter gestrek. Die voorste deel van hierdie wond het gelyk asof dit met 'n skerp voorwerp gekap is, terwyl die agterste deel van die wond 'n skeurvoorkoms gehad het en gelyk het asof dit deur stomp geweld veroorsaak kon gewees het. Dr. Barnard het die mening uitgespreek dat die oorledene twee houe oor die kop toegedien was. Dit was egter die kapwond wat volgens dr. Barnard se getuienis die oorsaak van die skedelbreuk was. Getuienis dat die oorledene onder andere met 'n kapmes soos bewysstuk 1 voor die verhoorhof oor die kop gekap is, sou volgens dr. Barnard

inpas by die voorkoms van die voorste gedeelte van die oorledene se kopbesering.

Dr. Barnard het die mening uitgespreek dat die skedelfraktuur tot gevolg sou gehad het dat die oorledene onmiddellik bewusteloos sou geraak het en dat die oorledene waarskynlik binne ŉ halfuur dood sou gewees het.

Die staatsaak berus hoofsaaklik op die getuienis van ŉ beweerde ooggetuie, Mariaan Geswindt. Die strekking van haar getuienis, wat deur die hof a quo aanvaar is, is in hooftrekke soos volg.

Die oorledene was die neef van die getuie Mariaan Geswindt. Sy het die oorledene omstreeks 20h00 op Vrydagaand 10 Oktober 1986 in De Rust raakgeloop. Nadat die oorledene gou ŉ draai by die kroeg gemaak het, het hulle twee saam na die huis van Mariaan Geswindt se ouma buite De Rust geloop. Terwyl hulle met die Meiringspoort teerpad langs gestap het, het die vier appellante en ene Jeanette Swartbooi agter hulle aangestap gekom. Mariaan Geswindt het die vier appellante

en Jeanette Swartbooi geken, maar dit blyk dat sy en Jeanette nie vriendinne was nie. Appellant 3 het 'n kan wyn by hom gehad en Jeanette Swartbooi het 'n voorwerp gedra wat in 'n swart plastiese sak toegedraai was. Dit het later geblyk dat dit 'n kapmes was.

Die twee groepe het toe saamgestap totdat hulle by 'n klofie langs die pad gekom het. Daar het appellant 3 vir die oorledene gevra of hy nie 'n dop saam met hulle wil drink nie. Mariaan Geswindt het die oorledene probeer keer, maar appellant 3 het daarop aangedring dat die oorledene saam met hulle moet gaan drink. Mariaan Geswindt sê sy wou nie saamgaan nie, maar appellant 3 het haar gedreig en gesê dat as sy nie met hulle saamkom nie, sal sy sien wat met haar sal gebeur. Dit is Mariaan Geswindt se getuienis dat sy bang was vir appellant 3 en dat sy toe maar saam met die oorledene en die appellante deur die draad langs die pad geklim het.

Voordat hulle nog deur die draad geklim het, het appellant 1 die sak met die kapmes by Jeanette Swartbooi

gevra en dit saamgeneem. Appellant 1 en Jeanette Swartbooi was vryers, maar Jeanette het nie saam na die klofie gegaan nie. Sy het by die teerpad agtergebly en langs die pad gaan sit by ŉ plek waar daar ŉ stormwaterpyp onder die pad deurloop. Die getuies het na dié plek as die "collar" verwys.

Die vier appellante en die oorledene het ŉ klein entjie van die teerpad in die klofie gaan sit en drink. Mariaan Geswindt het nie saam gedrink nie. Sy sê sy drink glad nie. Volgens haar getuienis het die appellante gesorg dat die oorledene die meeste wyn drink. Toe die oorledene nou goed dronk is, vra appellant 3 vir die oorledene of hy nie geld by hom het nie. Die oorledene het geantwoord dat hy slegs 75 sent van sy ma by hom het. Daarop het appellant 3 met die oorledene begin stoei. Die ander drie appellante het gaan help en die oorledene begin skop en slaan. Die oorledene was egter te dronk om die aanval af te weer.

Toe hulle die oorledene klaar geslaan en geskop

het, het appellant 3 die kapmes by appellant 1 gevra. Die ander appellante het die oorledene vasgehou. Mariaan Geswindt sê sy was verbouereerd gewees en het nie die hele tyd gekyk wat met die oorledene gebeur nie. Op 'n stadium het sy egter 'n klapgeluid gehoor en gesien hoe die oorledene op die grond neerval. Mariaan het nie gesien wat die klapgeluid veroorsaak het nie, maar sy getuig dat dit geklink het asof hy met 'n klip geslaan was. Dit is die getuienis van Jeanette Swartbooi dat appellant 3 die oorledene met 'n klip op die kop geslaan het. Die ander appellante het die oorledene toe gelos. Terwyl die oorledene op die grond lê, het appellant 3 die kapmes uit die plastiese sak gehaal en die oorledene een hou met die kapmes oor die kop gekap.

Al vier die appellante het die oorledene na die draad gedra en hom bo-oor die draad getel. Daarna het hulle die oorledene na die stormwaterpyp gedra en hom deur die pyp gesleep. Aan die ander kant van die pyp het hulle die oorledene weer bo-oor die draad getel en met 'n rivierlopie

langs afgedra. Hulle het die oorledene 'n ent verder weer oor die draad getel en hom in die middel van die teerpad langs die wit streep op sy maag neergelê sodat sy kop in die rigting van Meiringspoort gewys het. Appellant 3 het die oorledene se baadjie aan sy onderpand geneem en die baadjie oor die oorledene se kop getrek.

Appellant 1 het op daardie stadium die oorledene se skoene uitgetrek en sy eie skoene vir die oorledene aangetrek. Daar is getuienis dat die skoene wat later aan die oorledene se voete gevind is nie die oorledene se eie skoene was nie. Appellant 2 het die oorledene se horlosie geneem, maar appellant 3 het die horlosie by appellant 2 gevat. Daar is getuienis dat appellant 3 na daardie Vrydagaand 'n soortgelyke horlosie met 'n weermag band in sy besit gehad het. Die getuie Clara Afrika wat saam met appellant 3 by die slaghuis gewerk het, het appellant 3 gevra waar hy die horlosie gekry het, en appellant 3 het vir haar gesê "hy is maar 'n man wat net sommer 'n ding vat vir hom".

Voor die groep daardie Vrydagaand uitmekaar gegaan het, het appellant 3 vir beide Mariaan Geswindt en Jeanette Swartbooi gesê dat as hulle gaan praat dan sal hulle sien wat hy gaan doen. Appellant 3 het naby Mariaan Geswindt gewoon en hy het sy dreigement by latere geleenthede teenoor Mariaan Geswindt herhaal. Sy sê sy was bang vir die appellante, maar veral vir appellant 3, en dit was eers nadat hulle gearresteer was dat sy die volle verhaal aan die polisie vertel het.

Dit is die getuienis van Mariaan Geswindt dat die maan daardie Vrydagaand geskyn het. Dit is nie betwis dat sy al die appellante geken het nie. Hoewel elkeen van die vier appellante beweer dat hy daardie Vrydagaand elders was, was Mariaan Geswindt se vermoë om elkeen van hulle uit te ken nooit in geskil geplaas nie. Die appellante self het nie beweer dat daar enige vooroordeel aan die kant van Mariaan Geswindt was nie en hulle kon ook geen motief verstrek waarom sy hulle valslik sou wou inkrimineer nie. In die

omstandighede is dit onwaarskynlik dat Mariaan Geswindt die appellante valslik sou wou beskuldig. Die moontlikheid is ook skraal dat Mariaan Geswindt 'n **bona fide** fout omtrent die appellante se aanwesigheid op die toneel van die misdaad kon gemaak het.

Die getuienis van Mariaan Geswindt is in verskeie opsigte deur die appellante se advokate gekritiseer. Dit is betoog dat dit onwaarskynlik is dat Mariaan Geswindt nie die betrokke Vrydagaand van die toneel af sou weggevlug het toe die geleentheid om te vlug hom voorgedoen het nie. Dit is verder betoog dat Mariaan Geswindt se aanvanklike onwilligheid om haar weergawe aan die polisie te openbaar ook nie aan haar beweerde vrees vir die appellante toegeskryf kan word nie.

Aanvaar mens die getuienis van appellant 3 se wreedaardige optrede die Vrydagaand en sy deurlopende dreigemente teenoor Mariaan Geswindt dan het Mariaan Geswindt alle rede gehad om bang te wees vir appellant 3. Daar is

inderdaad ander getuienis wat Mariaan Geswindt indirek steun in hierdie verband. Dit blyk uit die getuienis van Johanna van Staden dat appellant 3 in haar teenwoordigheid vir May van Hansen gedreig het met die woorde: "daardie ou het ek vrek gemaak en vir jou maak ek ook so vrek". Johanna van Staden het verder getuig dat sy uit vrees vir appellant 3 nie destyds 'n verklaring in dié verband aan die polisie gemaak het nie. Daar is ook die getuienis van Anna Burts dat appellant 3 haar niggie een aand sonder rede met 'n horlosie en los geldstukke gegooi het. Dit toon appellant 3 se aggressiewe geaardheid. Die verhoorhof het bevind dat Johanna van Staden en Anna Burts die indruk van eerlike getuies geskep het en dat hulle openhartig in hulle getuienis was. Hierdie bevinding kan myns insiens nie bevraagteken word nie.

In die lig van hierdie getuienis is dit glad nie onwaarskynlik dat appellant 3 ook vir Mariaan Geswindt sou gedreig het en dat sy inderdaad vir hom bang sou wees nie.

In daardie omstandighede is dit ook begryplik waarom Mariaan Geswindt nie die Vrydagaand van die toneel af probeer vlug het nie. Dit verklaar ook waarom sy nie die volle verhaal van die gebeure aan die polisie wou meedeel terwyl appellant 3 en die ander appellante nog op vrye voet verkeer het nie.

Die advokate wat namens die appellante verskyn het,het verder kritiek uitgespreek teenoor Mariaan Geswindt se getuienis dat die vier appellante die oorledene deur die stormwaterpyp gesleep het. Dit is betoog dat Mariaan Geswindt se getuienis in hierdie verband onwaarskynlik en onoortuigend is, gesien die deursnee van die pyp. In die lig van die getuienis van adjudant-offisier Visser met betrekking tot die grootte van die pyp en die moontlikheid dat 'n persoon op sy hande en voete deur die pyp kan kruip, is die weergawe van Mariaan Geswindt nie so vergesog nie.

Dit is verder betoog dat die oorledene se klere nie so netjies en skoon sou gewees het nie as hy werklik

gesleep was deur hierdie pyp wat as latrine gebruik was. Die getuienis van Mariaan Geswindt is egter dat dit die vorige Woensdag gereën het en dat die reënwater die pyp skoon gespoel het.

Die getuienis van Mariaan Geswindt word in verskeie opsigte deur ander onafhanklike getuies gestaaf, soos ook deur die hof a quo bevind is. Haar getuienis dat die oorledene twee houe oor die kop toegedien is, die een met 'n kapmes, word ten volle gesteun deur die bevindings van dr. Barnard. Die hoë persentasie alkohol wat in die oorledene se bloed gevind is, bevestig Mariaan Geswindt se getuienis dat die oorledene dronk gemaak was voordat die appellante hom aangeval het. Die polisie het die oorledene kort na die gebeure die Vrydagaand op die teerpad gevind net soos Mariaan Geswindt dit in haar getuienis beskryf het. Dit staan verder vas dat die oorledene met ander skoene as sy eie daar in die pad agter gelaat is. Hoe sou Mariaan Geswindt dit geweet het as sy nie self gesien het hoe appellant 1 sy skoene vir die

oorledene aangetrek het nie?

Mariaan Geswindt het 'n goeie indruk op die hof a quo gemaak en die indruk van 'n eerlike getuie geskep wat openhartig in haar getuienis was. In my oordeel is daar geen oortuigende gronde aangevoer waarom hierdie hof sal inmeng met daardie bevinding van die hof a quo nie.

Die getuienis van Jeanette Swartbooi met betrekking tot die gebeure van die betrokke Vrydagaand stem in wese ooreen met dié van Mariaan Geswindt. Die hof a quo het weliswaar bevind dat Jeanette Swartbooi nie 'n bevredigende getuie was nie en dat daar nie op haar getuienis staatgemaak kan word nie, behalwe vir sover dit deur ander aanvaarbare getuienis gestaaf word. Die getuienis van Mariaan Geswindt bied egter wel die nodige stawing vir Jeanette Swartbooi se getuienis aangaande die gebeure op die toneel van die misdaad daardie Vrydagaand.

Dit is nooit tydens kruisondervraging in die hof a quo aan òf Mariaan Geswindt òf Jeanette Swartbooi gestel

Swartbooi nie bevriend was nie is dit ook onwaarskynlik dat die een die ander sou beïnvloed het om valse getuienis teen die appellante af te lê.

Daar is dus die wesentlik ooreenstemmende getuienis van twee ooggetuies wat die staatsaak van doodslag en roof bewys en wat die vier appellante direk met die pleging van daardie misdade verbind. Daarbenewens het die verhoorhof bevind dat die appellante self onbetroubare getuies was en dat hulle onderskeie alibi's nie steekhou nie. Nieteenstaande betoog tot die teendeel namens die appellante is ek van oordeel dat die hof a quo met reg die alibi's van die vier appellante verwerp het.

Die appèl teen die skuldigbevinding van al vier die appellante op beide aanklagte moet gevolglik van die hand gewys word, met dié voorbehoud dat die skuldigbevinding van appellant 4 op aanklag 2 aan poging tot roof verander moet word.

Mej. <u>Conradie</u> het namens appellant 4 betoog dat die hof <u>a quo</u> op die getuienis van Mariaan Geswindt vir appellant 4 op aanklag 2 hoogstens aan aanranding kon skuldig bevind het. Sy het betoog dat daar nie getuienis is wat 'n skuldigbevinding aan poging tot roof met verswarende omstandighede regverdig nie.

Die getuienis van Mariaan Geswindt is dat appellant 3 op 'n stadium vir die oorledene gevra het of hy nie geld by hom het nie. Toe die oorledene vir appellant 3 sê dat hy net sy ma se 75 sent het, het appellant 3 begin om met die oorledene te stoei. Mariaan Geswindt se hoofgetuienis vervolg dan soos volg:

> "Ja? -- En toe begin Dawid (appellant 3) saam met hom stoei en toe begin die ander ook te skop en te slaan aan hom.
>
> As jy sê die ander, na wie verwys jy, wie is die ander na wie jy verwys? -- Gert (appellant 2) en David (appellant 4) en Tollie (appellant 1).
>
> Waarmee het hulle na hom geslaan? -- Met hulle

vuiste, meneer.

Vuiste? -- Ja.

Wie het na hom geskop? -- Hulle almal, meneer."

In die loop van kruisondervraging namens appellant 4 het Mariaan Geswindt hierdie getuienis herhaal.

Appellant 4 het gehoor dat appellant 3 vir die oorledene vra of hy geld by hom het en appellant 4 het gehoor dat die oorledene sê dat hy slegs sy ma se 75 sent het. Appellant 4 het gesien dat appellant 3 daarna vir die oorledene begin aanrand, klaarblyklik met die bedoeling om die oorledene te beroof. Onmiddellik daarna sluit appellant 4 en die ander appellante aan by appellant 3 en begin hulle ook om die oorledene aan te rand. Daar is kort daarna inderdaad 'n horlosie en 'n paar skoene van die oorledene geneem. Na my mening dui die optrede van appellant 4 onteenseglik daarop dat hy hom vereenselwig het met appellant 3 se klaarblyklike oogmerk om die oorledene te beroof.

Appellant 4 het die gemeenskaplike doel gehad om die oorledene te beroof en hy is dus ŉ mededader wat die roof betref. Die betoog dat appellant 4 slegs skuldig is aan aanranding kan dus nie onderskryf word nie.

Na my oordeel is appellant 4 vir dieselfde redes ook nie aan poging tot roof skuldig nie, maar aan roof. In die geval van ŉ appèl teen ŉ skuldigbevinding is hierdie hof ingevolge die bepalings van artikel 322(1)(b) van wet 51 van 1977 by magte om ŉ appellant skuldig te bevind aan ŉ ernstiger misdaad as dié waaraan die hof <u>a quo</u> hom skuldig bevind het. Appellant 4 moet gevolglik op aanklag 2 skuldig bevind word aan roof waarby verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van wet 51 van 1977 aanwesig is.

Indien appellant 4 se skuldigbevinding op aanklag 2 verander word, staan dit hierdie hof vry om die vonnis van appellant 4 op aanklag 2 te wysig. In die lig van appellant 4 se lang lys vorige veroordelings het die verhoorhof appellant 4 tot 10 jaar gevangenisstraf op aanklag 2

gevonnis, maar gelas dat dié vonnis saamloop met die vonnis van 5 jaar gevangenisstraf op aanklag 1. Dit is wel so dat appellant 4 'n hele reeks vorige veroordelings het, waaronder ook roof. Aan die ander kant was appellant 4 se aandeel in die onderhawige roof, sowel wat die aanranding as die diefstal betref, heelwat kleiner as dié van die ander appellante. Na my mening sal reg behoorlik geskied indien appellant 4 dieselfde vonnis op aanklag 2 opgelê word as wat die hof a quo vir die ander appellante opgelê het, naamlik 6 jaar gevangenisstraf.

Daar is ten slotte die appèl van appellant 3 teen die bevinding van die hof a quo dat daar in sy geval geen versagtende omstandighede by die pleging van die moord was nie. Mnr. **Marais** het betoog dat appellant 3 vir ten minste vier ure daardie Vrydagmiddag in die kroeg deurgebring het en dat hy op die waarskynlikhede 'n groot hoeveelheid drank gedrink het. Daarbenewens het appellant 3 volgens sy eie getuienis ook nog 'n sogenaamde daggapil gerook. Die betoog

is dat appellant 3 op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon het dat die gesamentlike effek van die alkohol en die dagga sy optrede moes beïnvloed het. Verder is betoog dat die dodelike aanval op die oorledene op die ingewing van die oomblik geskied het.

Appellant 3 self het getuig dat hy "'n hele paar glasies" ingehad het toe hy die kroeg daardie Vrydag teen sononder verlaat het. Hy getuig egter dat hy nie geslinger het nie, dat hy nog regop kon loop en dat hy kon sien in watter rigting hy loop. Te oordeel na die getuienis van Mariaan Geswindt was die optrede van appellant 3 op die toneel van die misdaad nie dié van 'n persoon wat dronk was nie.

Die hof a quo het bevind dat hoewel appellant 3 voor die aanval op die oorledene gedrink het, het die inname van drank nie so 'n invloed op die geestestoestand van appellant 3 gehad dat dit op sy eie as 'n versagtende omstandigheid aangemerk kan word nie. Die hof a quo het

verder bevind dat die waarskynlikhede daarop dui dat die dodelike aanval op die oorledene op die ingewing van die oomblik geskied het. Die hof <u>a quo</u> het egter bygevoeg dat dit meer ten opsigte van appellante 1 en 2 geld aangesien appellant 3 waarskynlik voor hulle die opset gevorm het om die oorledene te dood.

Die hof <u>a quo</u> het myns insiens tereg gewys op die leidende rol wat appellant 3 in die aanval op die oorledene gespeel het. Dit was appellant 3 wat die oorledene eerste aangeval het. Dit was appellant 3 wat die oorledene met 'n stomp voorwerp oor die kop geslaan het. Dit was appellant 3 wat die kapmes by appellant 1 gevra het, dit uit die plastiese sak gehaal het en die oorledene daarmee oor die kop gekap het.

Daar is geen gronde aangevoer wat daarop dui dat die hof <u>a quo</u> in enige opsig misgetas het by die bevinding dat daar geen versagtende omstandighede in die geval van appellant 3 was nie. Na my oordeel kan dit beslis ook nie

gesê word dat geen redelike hof tot daardie slotsom kon gekom het nie.

Die appèl van appellante 1, 2 en 3 word gevolglik van die hand gewys. In die geval van appellant 4 word die appèl op aanklag 1 van die hand gewys. Wat aanklag 2 betref, word die skuldigbevinding van appellant 4 verander na roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1 van wet 51 van 1977. Die vonnis van appellant 4 op aanklag 2 word verander na 6 jaar gevangenisstraf en dit word gelas dat die vonnisse van appellant 4 op aanklagte 1 en 2 saamloop.

**F H GROSSKOPF**

**Wn APPèLREGTER.**

**JOUBERT AR**

**STEYN AR** Stem saam.